

## HOOFSTUK VYF

### SAMEVATTEND

#### 5.1 Inleiding

In hierdie afsluitende hoofstuk sal dit nou van pas wees om die verwerkliking en wek-van-lewe in die pedagogiese doelessensies deur die lewensopvatlike inhoude van die Nagmaalsformulier kortliks soos volg saam te vat:

#### 5.2 SINVOLHEID VAN BESTAAN

5.2.1 ..... glo ..... Die sin van menslike bestaan lê in die wete dat hy buite Christus vir ewig verlore is maar dat hy waaragtig glo aan die besondere genade van God. "Aan het begin staat de genade, die aan de verdienste voorafgaat en waardoor de zondaar in staat gesteld word zich tot z'n eige rechtvaardiging voor te bereiden door vrije toestemming en medewerking met deze genade."<sup>1</sup> Hierdie genade word telkens by die viering van die Nagmaal weer pertinent onder die aandag gebring deur die dood en lye van Jesus Christus te herdenk by die bediening van die sakrament "..... Soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld .... tot lof van die heerlijkheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde" (Ef. 1 : 4-6). "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie : dit is die gawe van God" (Ef. 2:8).

"We staan voor het wonderlijke feit dat de heilsweg de weg des geloof is, omdat juist in het geloof alleen de **exclusiviteit** der genade Gods wordt erkend en geëerbiedigd".<sup>2</sup>

Regverdigmaking bring egter mee 'n bewuswees-van-lewenseise waaraan hy as geregverdigde moet vol-doen.

5.2.2

.... ware dankbaarheid ..... Die lewe is sinvol vir hom wat met 'n gelowige hart die ganse lyding van Christus aanneem, behaer het in Christus wat die straf van ons sonde gedra en die skuld versoen het, met sy ganse lewe ware dankbaarheid jeens God die Here bewys en voor die aangesig van God opreg wil wandel. Maar "sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag" (Hebr. 11:6), want die geheimenis van die geloof is juis geleë in die afsien van die self om volhardend en standvastig gerig te bly op God se genade. Die gehoorsaamheidselement is in die geloof essensieël,<sup>3</sup> omdat die gelowige opgeroep-word-tot-antwoord.

In gehoorsaamheid word die hart en gewete ondersoek of hy ook gesind is, om sonder enige geveinsdheid, van harte alle vyandskap, haat en nyd af te lê, en 'n ernstige voorneme het om van nou af in waaragtige liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe.

5.2.3

..... "berou het ..." Ter verdieping van die besef van die sinvolheid van menslike bestaan en ter verheldering van insig in die betekenis van die geloof en die korrelasie tussen geloof en regverdiging is dit van betekenis om aandag te gee aan boetvaardigheid (berou) wat onlosmaakbaar aan die ware geloof verbonde is. Geloof staan tussen berou en regverdiging, nie van 'n onskuldige nie, maar wel van 'n skuldige.

Volgens Berkouwer "Die boete-nomisme parasiteert op de diepe relatie tussen boete, berou én genade".<sup>4</sup> Ook die Skrif wys daarop dat die gesonde die geneesheer nie nodig het nie (Matt. 9:12), die sondaar geroep en gewek word (Matt. 5:3), die biddende tollenaar geregverdig word (Luk. 18:14) en die vermoeders en belastes vind rus (Matt. 11:28). Dit is dan vir die gelowige sinvol dat ook die doel van die Nagmaalsviering nie is om die verslae hart van die gelowiges kleinmoedig te maak nie, maar juis om te versterk. Die genade van die Heilige Gees wek berou in die hart en begeerte om teen die ongeloof en swakhede te stry. "Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!" (Ps, 51:19). Hoe beter die mens sy sonde besef hoe dierbaarder word Christus vir hom en hoe meer kom hy tot 'n besef-van-bevraagdeheid.

5.2.4 .... oordink waartoe .... Vir die gelowige is dit nodig om telkens by die Nagmaal te oordink waartoe die Here vir hom Sy Nagmaal ingestel het, naamlik dat hy dit moet doen tot Sy gedagtenis waardeur hy ook telkens opnuut en verwonderd sal staan voor die sin en betekenis daarvan in die daaglikse lewe waar 'n verantwoordbare lewe gevoer moet word.

"Het is goed te bedenken, dat het in de vernedering van Christus ook in zijn verlating - niet gaat om een krachteloze en werkeloze vernedering. De grote caesuur in Christus' leven

is dié tussen vernedering en verhoging, maar de deze vernedering is vol van de kracht van Christus' dood". Sy ganse lyding was 'n stryd met die bose en sy glorievolle oorwinning kom op uit die diepte van vernedering. Die donkerheid van God se geregtigheid word in Sy vernedering die Lig van die wêreld genoem en die duisternis sal dit nie oorweldig nie.<sup>5</sup> Sy geseënde liggaam is aan die kruis gespyker "om die skuldbrief van ons sondes daaraan vas te heg; en het so ons vervloeking op Hom gelaai om ons met Sy seëninge te vervul." "Wie My volg, sal seker nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê" (Joh.8:11) en in staat gestel word tot die voer-van-verantwoordbare-lewe.

#### 5.2.5 .... vas kan glo ....

So kan die gelowige vas glo dat al sy sonde hom om Christus ontwil vergewe is en Hy ook die oorblywende swakhede met Sy lyding en sterwe bedek het. Daarom word die gelowige opgeroep tot gebed (tydens die Nagmaalsviering) "dat ons dan nou dit alles mag verkry, laat ons onself voor God verootmoedig en Hom met waaragtige geloof om Sy genade aanroep." Daarom word hy deur die Heilige Nagmaal versterk in die algemene, ongetwyfelde Christelike geloof wat hy dan met mond en hart bely.<sup>6</sup>

"Het geloof wordt gezien als het begin van de heilsweg .....waarbij men al spoedig overgaat tot de liefde. Het is duidelijk, dat de rechtvaardiging vooral gezien wordt als

een innerlijk, werkelyk proses van vernieuwing ....  
(ook telkens by die uitdeel en eet van die brood  
en die aangee en drink van die beker) .....

doordat de Heilige Geest in de harten wordt uit-  
gestort en daarin blyft". Hierdie Heilige Gees  
sal deur Sy werking en leiding die gelowige in  
staat stel tot rekenskap-van-deelname aan die lye  
en sterwe van Christus. Saam met die vergewing,  
ontvang die mens alles wat ingegiet word (en  
sin aan die lewe gee): Geloof, hoop en liefde.<sup>7</sup>  
Geloof, hoop en die regverdigmaking deur die  
goddelike Liefde intensiveer dan die doelessensie,  
sinvolheid-van-bestaan, in die lewe van die  
Protestantse Christen.

### 5.3 SELFBEOORDELING EN SELFBEGRIP

#### 5.3.1 ..... ons te vore reg beproef ....

Die opdrag aan die Nagmaalsganger om homself te vore  
reg te beproef voordat hy na die Nagmaalsviering  
kom is sinvol en sal die relevante doelstruktuur  
aktiveer omdat die volwassene by magte is om as  
unieke persoon, as 'n self-iemand-kan-wees, in  
staat is tot selfkennis en selfbegrip. Hy is  
by magte tot aktiewe en kritiese selfbeoordeling  
van sy keuses en handelingne deur selfstandige  
aanwending van norme en maatstawwe. Die self is  
ook in staat tot selfbinding, selfkeuse, self-  
verantwoordelikheid as toekomstigheid-in-genormeerd-  
heid. Selfbegrip-as-opgawe lei tot selfbetragting  
en self-verheldering wat 'n persoonlike aktiewe  
kritiese stellingname moontlik maak waardeur die  
Nagmaalsganger kan vas stel of hy die Nagmaal hou

vir die doel waartoe die Here dit ingestel het, naamlik tot Sy gedagtenis.

5.3.2 .... waaragtige ondersoek ....

Hierdie nagmaalsessensie wek lewe in die uitspreek-van-sedelike oordele oor elke aspek van die menslike bestaan. Omdat die mens as selfbewussyn ook oor behoorlikheidsbewussyn beskik is hy in staat tot selfbeoordeling aan die hand van 'n bepaalde rangorde van waarde-voorkeur en 'n duidelike bewus-wees van die wese en werking van sonde. Dit verg 'n persoonlike gewetensbeslissing waarin die Nagmaals-ganger ook sal vasstel of hy homself vanweë sy sonde mishaag en hom daarom voor God verootmoedig. Uitspreek van sedelike oordele is moontlik omdat die mens as subjek in vryheid kan kies en kan handel en met die volle inset van sy persoon die goed-en afkeurenswaardige in eie lewe kan beoordeel en selfs veroordeel (in geval van die afkeurenswaardige). Solank as in die afkeurenswaardige volhard word moet hy homself van die Tafel van die Here onthou en behoort die lidmaat oor te gaan tot selfingryping, rigting-verandering en voorstelling van 'n nuwe lewenswyse wat moontlik is deur die genade van God en met behulp van die werking van die Heilige Gees.

5.3.3 .... hart ondersoek ....

Ondersoek van die hart intensiver die bo-wetenskaplike geloofsoortuiging van die Christen-Protestant dat al sy sondes hom om Christus ontwil vergewe is en hy volkome geregverdig voor God kan

staan. Gelyktydig met die regverdiging het die heiliging ook 'n aanvang geneem in die lewe van die verlose sondaar en sal voortaan verg dat die belydende lidmaat telkens moet oorgaan tot ....

5.3.4 .... gewete ondersoek .....

Hierdie nagmaalsessensie aktiveer die selfbegrip-integrasie waardeur die lidmaat as persoon in staat is tot 'n kritiese interpretasie van tekortkominge sowel as van sy eie positiewe moontlikhede wat aangewend kan word in diens van God en die naaste. Dit lei tot beoordeling van sy eie waarde waardeur sy eie waardigheid as persoon ontdek word. Maar selfwees kom alleen tot gedying in relasie met die medemens vir wie se digniteit dieselfde agting betoon moet word, "want só lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo ... die ewige lewe sal hê" (Joh,3:16). Gewete-ondersoek is wesenlik 'n ondersoek na die gesindheid teenoor God en die medemens, of hy só gesind is om in dankbaarheid opreg voor God en in waaragtige liefde en eensgesindheid met die naaste, te lewe.

So is weer eens aangetoon hoe lewensopvatlike Nagmaalsessensies die doelstruktuur, selfbeoordeling en selfbegrip, laat-funksioneer en tot verwerkliking gebring het in die lewe van die Protestantse Christen.

5.4 MENSWAARDIGHEID

5.4.1 .... Sonder enige geveinsdheid .....

Hierdie nagmaalsessensie verdiep die doelessensie, menswaardigheid en dui daarop dat die volwassene bewus-is-van-menswaardigheid omdat hy na die beeld van God geskape en ten spyte van die sondeval deur genade herstel is in sy menslikheid. Hierdie bewustheid stel eise aan die mens wat hy op grond van eie beslissings moet gehoorsaam en dit is moontlik vanweë sy waardigheid as 'n eksistensiële - normatiewe - etiese wese, as ope



moontlikheid, waardebestrewend, plig-ervullend, toekomstigheid en vryheid. Persoon-in-waardigheid impliseer openheid-met-opdrag om sonder geveinsdheid die regte gesindheid en taakverpligting teenoor God en die medemens te openbaar waardeur die digniteit verwerf word en tot volle gedying kom.

5.4.2 ... waardige deelgenote ...

Waardige deelgenote aan die lye en sterwe van Christus omvat die lewensopdrag om toenemend menslik te word en oor te gaan tot beoefening-van-menslikheid. Hiertoe is die volwassene in staat vanweë die feit dat hy draer is van onvernietigbare waardes en bewus is van sy aangesprokenheid waarop hy moet antwoord deur verantwoordelike keuses en handeling te doen aan die hand van norme. Mens-syn is in-genade-staan en die herstel en beoefening van menslikheid, deur die Godlike genade, lei ook tot 'n geïntensiveerde bewus-wees van die waardevolheid-van-behoorlikheids-eise.

5.4.3 ... met mekaar ... in liefde saamverbind ....

Beoefening van menslikheid dui op 'n aktiewe, positiewe antwoord saam-met-die-medemens teenoor die Woord. Deur die werking van die lewemakende Heilige Gees wat in Christus as die Hoof en in die mens as Sy ledemate woon, word die lidmate met mekaar, as lidmate van een liggaam, in broederlike liefde saamverbind. Hierdie nagmaal-essensie voltrek die doelessensie, agting-vir-ander-se-menswaardigheid omdat agting-vir-digniteit tergelykertyd agting-vir-plig, ook teenoor die naaste, insluit sodat toenemend mede-menslikheid teenoor die naaste aktief betoon sal kan word.

5.4.4 ... onself verloën ....

"Onself verloën" intensiveer die wete-van-waardeverwerkliking as hoogs waardevol in die lewe van die Protestantse Christen wat vanweë 'n verlewendigde behoorlikheids- en waardebesef die Kruis sal opneem om in navolging van Sy Saligmaker daagliks waardes te verwerklik deur



onbaatsugtige diens aan die naaste te lewer uit dankbare erkentlikheid teenoor Hom as Sy ewige Verlosser uit sonde-dood en ellende.

In die voorafgaande is aangetoon hoedat die lewensopvatlike inhoude die doelstruktuur menswaardigheid, in sy volheid laat syn "want kyk Ek het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese" (Psalm 8:6).

## 5.5 SEDELIK-SELFSTANDIGE BESLUITVORMING EN VERANTWOORDE- LIKE HANDELING

### 5.5.1 .... nadink oor .....

Nadenke oor eie menslike beslissinge en handeling veronderstel besinning in die lig van die normatiewe wat vir die Christen-Protestant uit die Woord van God spreek. Besinning sal lei tot weldeurdagte besluite volgens die geloofsoortuiging en wek lewe in en getrouheid-aan-beslissinge veral aangesien die heiliging van die lewe van die gelowige gelyktydig met regverdiging 'n aanvang neem.

### 5.5.2 ... ernstige voorneme ...

Om getrou aan beslissinge te wees moet hierdie beslissinge en die handeling wat daaruit voortspruit geskied aan die hand van die behoorlikseise wat geld vir die verlose lidmaat wat volkome geregverdig, vernuwe deur Sy bloed, 'n ernstige voorneme het om opreg voor God en in eensgesindheid en liefde met die medemens te wandel op die weg van heiligmaking. Hierdie voorneme laat dus die doelessensie, keuse-en-handeling-in-die-lig-van behoorlikseise funksioneer omdat die aflegging van die belydenis van geloof impliseer dat die jeugdige of volwassene

'n persoon is wat weet wat sy persoonlike aanvaarding van die kruisdood van Christus van die verlore eis.

5.5.3 ... wat weet ...

Die lidmaat het dus 'n vaste wete dat hy persoonlik aan Christus behoort en selfstandig kan kies en handel volgens die vir hom, hoogswaardevolle waarvoor hy persoonlik verantwoordelikheid aanvaar.

5.5.4 ... kan verootmoedig ....

Gepaard met hierdie bewuste wete dat hy die beloftes van God glo is daar ook die wete van sondes en vervloeking, van menslike swakhede, van die goeie wat hy wil maar nie doen nie, van struikel en val sodat hy hom voor God kan verootmoedig. Die essensie van die menslike bestaan is aangesprokenheid deur 'n Hoër Gesag wat tot verantwoording oproep. Daagliks moet hy as persoon in vryheid antwoord op sy aangesprokenheid en hierdeur word verantwoordelikeheidsaanvaarding-vir-keuse-en handeling geaktiveer tot verfyning van pligsbesef en toenemende getrouheid en gehoorsaamheid aan die Woord en Wet van God.

5.5.5 ... ook gesind is ....

Deur selfondersoek sal die Nagmaalsganger vasstel of sy gesindheid teenoor die Vader en teenoor die naaste getuig van ware Kindskap. Hierdie nagmaals-essensie voltrek beweging in die doelessensie keuse-vir-behoorlikseise. Hierdie keuse geskied dus onder die gesag van norme en dié Norm waarmee hy as volwassene toenemend geïdentifiseer word deur die werking van die Heilige Gees.

5.5.6 .... daagliks moet stry ...

Die Protestantse Christen moet daagliks stry teen die bose luste van die vlees, om die goeie te doen en die kwade te laat. Vanweë sy betrokkenheid-ingenormeertheid is hy toenemend verantwoording ver-skuldig aan die eise wat vanuit die syn aan hom gerig word. Weens sy personale ongeslotenheid kan hy beluister en verstaan en word die doel-essensie, aanvaarding-van-persoonlike-verantwoorde-likheid volkome verlewendig.<sup>8</sup>

5.5.7 .... in die daad teenoor mekaar bewys ...

Hierdie nagmaalsessensie lei tot 'n verdere verdieping van die bogenoemde doelessensie. Aanvaarding-van-persoonlike-verantwoordelikheid omvat nie slegs die gesindheid van die hart nie maar verg 'n aktiewe en daadwerklike bewys daarvan in-die-wêreld en teenoor die medemens voor die Woord.

5.5.8 ... ons kruis opneem ....

Om die kruis op te neem dui ook op hierdie aktiewe, daadwerklike aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid wat so sterk spreek tot die verlose, as draer van waardigheid, dat daar geen sprake kan wees van maar 'n duidelike afwysing-van-verantwoorde-likheids-verskuiwing-of-ontduiking. Na die voorbeeld van sy Saligmaker is daar veel eerder 'n bereidwilligheid tot taakaanvaarding en taakvervulling.

Die imperatiewe karakter van die genoemde nagmaalsessensies sal elke verlose daartoe dwing om die Kruis op te neem en Christus na te volg as dié Voor-beeld en Eerste-beeld van lewende sedelik-selfstandige besluitvorming en verant-

woordelike handeling toe hy eindelijk met Sy dood en bloedstorting die nuwe en ewige Testament, die verbond van die genade en versoening bevestig het, toe Hy uitgeroep het: "Dit is volbring!"

5.6 Normidentifikasie:

5.6.1 .... opreg te wandel ....

Menslikheid beteken 'n gegrepenheid in waardes, die moontlikheid om voorstellinge van goed en kwaad ten opsigte waarvan hy 'n keuse moet doen, te maak. Vanweë die feit dat hy oor 'n sedelike bewussyn as behoorlikheidsbesef beskik is hy in staat om deur die genade en onder die leiding van die Heilige Gees, opreg te wandel voor God. Absolute waardes lê vir die Christen verspreid in God se openbaring in die Heilige Skrif en stel die mens as waardebepalende wese wat oor 'n kies-vermoë beskik in staat tot behoorlikheidsbeoefening-uit-eie keuse. Elke keuse getuig van waardes waarby die wil betrokke is en die genoemde nagmaalsessensie versterk en intensiveer die gewilde behoorlikheidsbeoefening.

5.6.2 .... met ware vertrouwe ... oorgee

Die menslike situasie spreek van 'n nimmer-eindigende gekonfronteertheid met norme wat as rig- en meetsnoere dien vir die lewe van keuses as bewus gewilde verandering-deur-handeling. Die gelowige sal in ware vertrouwe dat dié wat rein van hande en suiwer van hart is God sal sien, homself oorgee aan en vereenselwig-met-besondere-norme wat ook in die Nagmaalsformulier saamgevat is en die gelowige aanspreek tot toenemende

gedyende gehoorsaamheid en volharding.

5.6.3 ... nie twyfel nie ....

Normidentifikasie, as vereenselwiging-met-besondere-norme, gee blyke van 'n selfstandige, toerekenbare en onbetwyfelbare' behoortlikheidsbesef wat deur die doen van die behoorlike uit eie keuse, in die lewe van die Protestantse Christen tot vergestaltung kom in die volharding op die weg van heiligmaking na 'n ewige bestemming.

5.6.4 .... volgens gebooie te lewe ....

As beeldraer van God, word die belydende lidmaat ernstig vermaan om hom van ergerlike sondes te weerhou en volgens die gebooie van God soos vervat in Sy Wet en Woord te lewe. Tot versterking van die geloof en bevestiging van toereikende normkennis hierin vervat, word die siel gespysig en gelaaf deur die uiterlike tekens van die Sakrament, in brood en wyn.

5.6.5 ... nie aan die uitwendige ... bly hang nie, maar ons harte opwaarts verhef

Die mens se toereikende normkennis sal verder geintensiver word en die doelstruktuur, normidentifikasie, sal verwerklik word as die Nagmaalsganger nie aan die heilige sigbare tekens van die Sakrament bly hang nie maar daarin sien hoe-dat die beloftes van God verseël word in die soen-dood van Jesus Christus, as die betekende saak. Die wedergeborene sal dan telkens by die herdenking van Sy lye en sterwe die oë ophef na die berge, vanwaar al sy hulp vandaan kom (Ps.121:1)

om God aan te roep tot versterking van die nuwe gehoorsaamheid wat uit heel die lewe moet blyk. "Alles wat ons doen, in woord en werk, doen dit in die naam van die Here Jesus, God die Vader dankende vir Hom" (Kol. 3:17). Lewende normidentifikasie sal lei tot volharding en saligmaking. "Wedergeboorte is nodig om het koninkryk Gods in te gaan. Zonder geloof is het onmogelik God te behagen. Zonder heiligmaking zal niemand God sien. Wie volhard tot die einde toe sal zalig worden."<sup>9</sup>

## 5.7 LEWE-OPSOMMING

### 5.7.1 .... met sy ganse lewe ....

Die gelowige Christen-Protestantse lidmaat sal by die bereiking van volwassenheid die normbeeld van volwassenheid kan vergestalt omdat die Christelike lewensopvatting soos o.a. vervat in Nagmaalsformulierinhoud die pedagogiese doel-essensies verlewendig en verwerklik het. Dié lidmaat se keuse en daaruit voortvloeiende handeling sal gekenmerk word deur 'n lewe-van-en-gehoorsaamheid-aan-behoorlikseise wat spreek uit lewensverpligtende waardes soos dit vervat is in sy persoonlike lewensopvatting en geleef word as hy met sy ganse lewe erkentlikheid en dankbaarheid teenoor sy Vader betuig.

### 5.7.2 .... God ... aanroep ....

Aanvaarding-van-besondersheid-van-lewensopvatting impliseer 'n bewuswees-van-lewensopvatlike eise waaraan die swakke mens alleen kan voldoen

onder leiding van die Heilige Gees en in waaragtige vertroue en intieme gemeenskap met dié God wat hy voortdurend in genade aanroep. Moontlikheids-voorwaarde tot die eie verwerwing-van-lewensopvatting is kennis-van-lewensopvatting wat vir die Christen-Protestant uit die Bron van alle lewe, die Woord van God en die belydenisskrifte spreek. "U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad" (Ps.119:105). Vir die versterking van die geloof en tot bestendig-ing-van-lewensopvatting het God die swakheid van die mens genadiglik te hulp gekom om by die Woord die Sakrament (van oa. die Nagmaalsformulier) in te stel.

### 5.7.3 .... ons Heiland bely ....

Die bowetenskaplikheid-van-lewensopvatting is sprekend van die irrasionele geloofsoortuiging van die Protestantse Christen wanneer hy, bewus van sy bevraagtheid, in verwondering uitjubil :

"As ek, O Heer, u nagtelike hemel  
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;  
hoe, deur U toeberei die skugter maan  
met stille gang oor sterrevelde gaan -  
wat is die mens dan dat U hom gedenk het,  
die mensekind wat U so ryk beskenk het" !<sup>10</sup>

Van sondeskuld, smet en ellende is die gelowige  
deur Christus in die Kruis op Golgota verlos.



"Jesus leef, nou is die dood ons 'n ingang tot die lewe."<sup>11</sup> Hy het die dood oorwin en "as julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen." (Joh 13:14). Die weldade van God deur Christus waarvan die Nagmaalsviering getuig kan in drie hoofpunte saamgevat word nl: i) Die wan-relasie tussen God en alle skepsele is herstel, ii) Die verlose is na God se beeld vernuwe en wedergebore en iii) Die gelowige word bewaar vir die hemelse erfenis en eens van alle lyding en dood bevry deur verwerwing van die ewige saligheid. Hierdie geloofsaanvaarding, wederbarende en bewarende werksaamheid geskied onder leiding van die Heilige Gees en word voltrek in die Regverdiging, Heiligmaking (vernuwing van dag tot dag)<sup>12</sup>, Volharding en Verheerliking.

"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid .... Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Joh. 14:16,26).

"En nou bly Geloof, Hoop, Liefde - hierdie drie; maar die grootste hiervan is die Liefde" (1 Kor, 13:13), en "as julle My liefhet, bewaar my gebooie" (Joh. 14:15) en "laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik" (Matt. 5:16). Daarom sal die oortuigende gelowige antwoord met sy ganse lewe en "ons Heiland bely" ... deur dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor

mekaar te bewys.

5.8 Ten slotte:

Uit hierdie samevatting blyk weer eens duidelik dat die lewensopvatlike Nagmaalsformulier-inhoude en-essensies (soos vervat in die Formulier van die Heilige Nagmaal en beklemtoon word tydens die kategetiese onderrig en onder begeleiding van ouers, skool en Kerk) die pedagogiese doelstrukture en -essensies vir die Protestantse Christen tot lewe wek, in volheid laat gedy, laat-funksioneer, aktiveer en intensiveer en outentiek voer tot 'n hoër geïntegreerde sintese, wat sowel by die nie-volwasse as by die volwasse belydende lidmaat, tot vergestaltung kom in die pedagogiese en androgogiese praktyk. Die wesenlike van die normbeeld van volwassenheid sal in die lewende alledaagse werklikheid vergestalt word wanneer die geregverdig<sup>d</sup>e gelowige, vernuwe na die Beeld van God, volhard op sy pad na heiligmaking deur in dankbare erkentlikheid in keuse en handeling, ook teenoor die medemens, te leef tot Eer en Verheerliking teenoor Hom, die onuitputlike Bron van Lewe van wie alle goeie gawes uitgaan.

HOOFSTUK 5
Literatuurverwysings:

1. BERKOUWER, G.C. : Dogmatiese Studiën:  
Geloof en Rechtvaardiging, 95
2. Ibid. : 99
3. Ibid. : 206, 207
4. Ibid. : 188
5. BERKOUWER, G.C. : Dogmatiese Studiën:  
Het werk van Christus, 195
6. NAGMAALSFORMULIER, Formulierboek van die  
N.G.-Kerk van Suid-Afrika, 30, 31
7. BERKOUWER, G.C. : Dogmatiese Studiën:  
Geloof en Rechtvaardiging, 95
8. LANDMAN, W.A. : Enkele Aksiologies-  
Ontologiese Momente in  
die Voor-volwassenheids=  
belewing, 10
9. BAVINCK, H. : Gereformeerde Dogmatiek  
III: Het Verbond der  
Genade, 602
10. Die Berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange  
van die Gereformeerde Nederduitse Gereformeerde  
Kerke van Suid-Afrika, Psalms 8: 3, 4
11. Ibid. : Gesang 135 : 6
12. BAVINCK, H. : a.w., 602